**12 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 3:1-15**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:2, 7, 15**

## Om weer gebore te word

Nikodemus was ’n skrifgeleerde, ’n Fariseër, iemand wat groot klem gelê het op wetsonderhouding, op uiterlike vertoon. Hy het egter gesoek na die waarheid en daarom gaan hy in die nag, wanneer dit donker is en wanneer sy mede-Fariseërs hom nie kon sien nie, na Jesus toe. Hy wou by Jesus leer, alhoewel hy self ’n leermeester was.

Hy leer een groot waarheid by Jesus, en dit is dat die nuwe lewe nie deur wetsonderhouding verwerf word nie, maar deur weer gebore te word. Hoe kan jy weer gebore word? Dit kon hy nie begryp nie. Hy moes leer dat jy die wedergeboorte nie verwerf nie, maar ontvang. God werk hierdie nuwe geboorte in jou binneste deur sy Heilige Gees sonder dat jy ’n bydrae lewer. Ons kan nie die werking van die Heilige Gees beheer nie, want dit is soos die wind wat waai waar hy wil. God werk met sy Gees waar Hy wil en bring nuwe lewe in die binneste van ’n sondaar tot stand.

Die wedergeboorte is vir ons onverstaanbaar as ons horisontaal daarna kyk. Ons verstand is te klein daarvoor. Alleen deur vertikaal na bo op te kyk en in God te glo (vs 15), kry ons deel aan die ewige lewe. Ons is deel van ’n ou wêreld en tog het ons deel aan ’n nuwe lewe. Dit is alleen moontlik deur die Heilige Gees wat ons vernuwe.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1* *Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*